Kort Program vir Diensleer en Gemeenskapsinteraksie

Aangebied deur die Afdeling vir Gemeenskapsinteraksie

UNIVERSITEIT•STELLENBOSCH•UNIVERSITY
jou kennisvennoot•your knowledge partner

Gemeenskapsinteraksie
Community Interaction
Amaqhina Entsebenziswano

Die Kantoor vir Diensleer (KDL) in die Afdeling vir Gemeenskapsinteraksie is gestig om Diensleer aan die Universiteit van Stellenbosch (US) te bevorder en te ondersteun.

Diensleer is 'n onderrigbenadering wat gemeenskapsinteraksie met akademiese leerprogramme integreer terwyl daar terselfdertyd aandag skenk word aan die behoeftes van gemeenskappe. Die onderskeid tussen diensleer en ander vorme van ervaringsleer is die gelyke belang van die leer van studente en die diens aan die gemeenskap.

Wat is die doel van hierdie program?

Gemeenskapsinteraksie het die afgelope tien jaar aansienlik veld gewen as 'n kernfunksie van hoër opvoedingsinstansies in Suid-Afrika. Die betekenis wat aan gemeenskapinteraksie in hierdie konteks geheg word is dat daar wisselwerking tussen die universiteit en die res van die gemeenskap moet wees ten opsigte van onderrig, leer en navorsing. Dit is ook in lyn met internasionale tendense in hierdie veld.

Bestuurders en praktisyns wat die politieke landskap van gemeenskapsinteraksie in hoër opvoeding verstaan het 'n toenemende behoefte om:

- Deel te neem aan eietydse akademiese debate oor gemeenskaps-interaksie in hoër opvoeding.
- By te dra tot die bestaande kennisonderig oor hierdie onderwerp.
- *Gemeenskapsinteraksieprogramme in 'n institusionele omgewing te implementeer en te bestuur, wat insluit diensleer, ander vorme van kurrikulêre betrokkenheid en gemeenskapsgebaseerde navorsingsmetodologie debatte.*

Die doel van hierdie program is dus tweevoudig:

- Om diensleerpraktisyns met die kennis toe te rus om 'n diensleermodule in 'n spesifieke akademiese program te verken, te ontwerp, te implementeer en te assesseer, en
- Om personeelontwikkelaars en gemeenskapsinteraksie-bestuurders te help om 'n diensleerkapasiteitsbouprogram te ontwerp vir implementering by hoër opvoedingsinstansies of in fakulteite, en om dit te baseer op die onafhanklike intellektuele oorweging van belangrike aspekte van gemeenskapsinteraksie in hoër opvoeding.

Hierdie kwalifikasie sal waarde tot enige CV toevoeg en die krediete kan bydra tot toelating tot 'n toepaslike Meesters-program indien dit met 'n gemiddelde van 60% geslaag word.

Op wie is hierdie program gerig?

- Die personeel van hoër opvoedingsinstansies wat in diensleer as 'n opvoedingsbenadering belang stel.
- Bestuurders en administrateurs wat verantwoordelik is vir kapasiteitsbouprogramme in fakulteite.
- Personeel wat studente in hoër onderwysstudies is wat in diensleer en gemeenskapsinteraksie wil spesialiseer.

Toelatingsvereistes

- 'n Honneursgraad of die ekwivalent daarvan, en
- Relevante werkondervinding in hoër of verdere opvoeding.

Hoe word die kursus aangebied?

- **Voorbereiding:** Die teoretiese inhoud van die kursus word as 'n hulpbron-gebaseerde komponent aangebied. Deelnemers moet 'n literatuurstudie doen om hulle vir die klaskontaksessies voor te berei.
- **Opdragte:** Deelnemers kry voor die klaskontaksessies praktiese take wat op die literatuurstudie gerig is. Hulle moet aanbiedings en werkstukke gebruik om oor hierdie take verslag te doen.
- **Klaskontaksessies:** Hierdie sessies sluit mondelinge en interaktiewe PowerPoint-aanbiedings in oor lesings deur die aanbieders.

Wie bied die kursus aan?

- Rona Newmark, Koördineerder: Diensleer en Seksuele Opvoeding, Fakulteit Opvoedkunde, Universiteit Stellenbosch.
- Antoinette Smith-Tolken, Adjunkdirekteur: Gemeenskapsinteraksie (Diensleer en Gemeenskapsgebaseerde Navorsing), Afdeling Gemeenskapsinteraksie, Universiteit Stellenbosch.
- Gasdosente van vooraanstaande universiteite.

Hoe word die program geassesseer?

Hedendaagse, outentieke assesseringsmetodes word gebruik.

- **Formatief:** Deurlopende assessering wat 'n verskeidenheid take en aktiwiteite insluit.
- **Summatief:** 'n Eksamen of ekwivalente multimedia portefeulje van bewysstukke.

Meer oor die program

- **Duur van kursus:** Drie blokke van twee volle dae elk, versprei oor een semester. Daar word net een kursus per jaar gedurende die tweede semester aangebied.
- **Vlak:** HOKR Vlak 9.
- **Sertifisering:** 'n Bevoegdheidsertifikaat word uitgereik aan studente wat die kursus met 'n gemiddelde punt van 50% slaag.

Registrasie en meer inligting

Om te registreer of vir meer inligting, kontak Antoinette Smith-Tolken:

- **Telefoon:** +27 (0)21 808 3798
- **Faks:** +27 (0) 21 808 2976
- **E-pos:** asmi@sun.ac.za